higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## VERVOEREKONOMIE
### NKR VLAK 3

(11020293)

**19 November 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 100**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae deeglik deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Voltooi die volgende sinne deur die woord of term in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| markmislukking; oorgrenspadvervoer; ingryping; seerowery; ekonomiese groei; dokument; regering |
|---|

1.1.1 Een van die algemeenste redes vir ... en regulering in die vervoersektor is waarskynlik die maksimering van maatskaplike welsyn.

1.1.2 Suid-Afrika ondervind sterk … as gevolg van die regering se makro-ekonomiese en sosio-ekonomiese beleidsrigtings.

1.1.3 ... ontstaan wanneer mededinging óf nie uitvoerbaar is nie óf nie resultate lewer wat in die belang van al die burgers van die land is nie.

1.1.4 'n Groenskrif kan gedefinieer word as 'n bespreking ... wat die besonderhede van 'n kwessie asook moontlike optrede uitstippel.

1.1.5 Die Wysigingswet op ... No 12 van 2008 is gegrond op die Wet op Oorgrenspadvervoer No 4 van 1998.

(5 × 1) (5)

1.2 Verskillende opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Watter een van die volgende is NIE een van die SEWE kritieke vervoerbeleide nie?

A Taxi-spoor-beleid
B Nie-motorgedrewe vervoerbeleid
C Padongelukkefonds
D Skoliervervoerbeleid

1.2.2 Die hoofdoel en oogmerk van die TSB ('TRP') is dat daar 'n taxi-bedryf moet wees wat ...

A duurder is.
B eienaars eerste plaas.
C veilig is.
D onbeheerbaar is.

1.2.3 Lugvaartbeleid word gewoonlik in twee onderskeie gebiede ingedeel, naamlik:

A Binnelandse beleid
B Internasionale beleid
C Globale beleid
D A en B

1.2.4 Die doel van die Nasionale Skolevervoerbeleid is om te verseker dat die vervoerbehoeftes van alle… aangespreek word.

A passassiers
B skoliere
C vrag
D openbaar vervoer

1.2.5 Transnet se vloeibarebrandstofdepartement vervoer brandstof van een van die volgende provinsies:

A Limpopo
B Noord-Kaap
C Wes-Kaap
D Mpumalanga

(5 × 1) (5)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf net 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Makro-ekonomiese prestasie is 'n ander rede vir vervoerregulering.

1.3.2 Vervoerbeplanning verseker nie noodwending doeltreffende maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling nie.

1.3.3 Die Padvervoerbestuurskorporasie (PVBK) is een van die agentskappe van die nasionale Departement van Vervoer.

1.3.4 AARTO staan vir Administrative Adjudication of Road Traffic Offences.

1.3.5 Die insameling en verspreiding van inligting van veilige spoorwerksaamhede is een van die mandate van die RSA.

1.3.6 Nie-motorgedrewe vervoer (NMV) sluit alle vorms van vervoer in wat aangedryf word deur mense, diere of batterye, in teenstelling met enjins.

1.3.7 Volgens die NATMAP (WNNR, 2012) maak die taxibedryf 16.5% van die passassiersvervoermark uit.

Kopiereg voorbehou 

1.3.8 Die privaatpassassiersmark sluit mense in wat per taxi reis.

1.3.9 ACSA hanteer sowat 98% van die land se handelslugvervoer.

1.3.10 SANRAL se oorkoepelende rol is om Suid-Afrika se nasionale paaie te ontwerp, bou, bestuur en in stand te hou.

(10 × 1) (10)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 20**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 Teken en benoem die struktuur van die Suid-Afrikaanse regering. (9)

2.2 Beskryf VIER modelle wat die Departement van Vervoer en sy agentskappe kan ondersoek om hulle verantwoordelikhede uit te voer. (2 × 4) (8)

2.3 Identifiseer TWEE nuwe tegnologieë wat deur hawens in werking gestel word om seevaartoortredings en –misdade te bekamp. (2)

2.4 Noem en verduidelik DRIE sektore wat 'n impak op 'n land se vervoer-infrastruktuur het. (3 × 2) (6)
**[25]**

## VRAAG 3

3.1 Definieer die volgende vervoerverwante oortredings.

3.1.1 Seerowery

3.1.2 Smokkelhandel

3.1.3 Kapings

3.1.4 Terrorisme

3.1.5 Stelselmisbruik

(5 × 2) (10)

3.2 Beskryf die rol en verantwoordelikhede van die Passenger Rail Authority (PRASA)-agentskappe. (3)

3.3 Verduidelik DRIE hoofaspekte van SAMSA se bydrae tot die breë ekonomie en staatsdiensverskaffing. (2 × 3) (6)

Kopiereg voorbehou 

3.4 Noem SES lugvervoersekuriteitsforums wat gereeld byeenkom om lug-vervoerverwante oortredings, beleidsrigtings en prosedures te bespreek (ACSA, 2012). (6)

**[25]**

**VRAAG 4**

4.1 Tabuleer DRIE verskille tussen makro- en mikro-vervoerekonomiese beplanning. (3 × 2) (6)

4.2 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae.

> Onderworpe aan markdissipline moet die nodige befondsing vir die totstand-koming en instandhouding van vervoerinfrastruktuur beplan word deur 'n verskeidenheid institusionele modelle.

Beskryf VIER modelle wat die Departement en sy agentskappe kan ondersoek om hulle verantwoordelikhede na te kom. (4 × 2) (8)

4.3 Verduidelik VIER dienste en beheerverantwoordelikhede van TNPA's. (4 × 2) (8)

4.4 Noem VIER padvervoerbedrywe wat tans deur 'n aantal regeringagentskappe en openbare entiteite bedien word. (4 × 2) (8)

**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou